Hoërskool Goudini
A P Hanekom - Skoolhoof
Sedert 1858
Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099
Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

PERSONEEL VERJAARSDAE

10 Februarie – Marzaan Herzog Graad 3

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Tyd en teenwoordigheid. Dit is die grootste geskenk wat jy aan iemand kan gee. As 'n oomblik verby is, is dit verby. Nie een van ons kan die horlosie terugdraai nie. Ja, om take af te handel is belangrik, sperdatums moet gehaal word. Tog, verhoudings ***met God en mense*** moet die belangrikste bly.

KLEURE – ATLETIEKBYEENKOMS

Baie geluk aan die volgende atlete wat by Worcester sone atletiek presteer het.

Ancois Minnies Andrya	3de	Gewigstoot
Stofberg	1ste	Hoogspring
Charnelle Viljoen	1ste	Hoogspring
Andrya Stofberg	2de	Verspring
Keshaan Heanis	2de	150m
Breyton Cupido	2de	200m,100m
Shandro Smit	2de	Diskus

SKAAK

Op 2 Februarie het die Hoërskool se skaakspan aan 'n byeenkoms te Klein Nederburg in die Paarl deelgeneem. Ons kinders het elk ses wedstryde gespeel. Drie van ons spelers het medaljes ontvang vir hulle goeie spel. Ons wens graag vir Janine Fredericks, She-Earl Fritz en Claudine Pienaar hartlik geluk.

KRIEKET – GOUDINI VS WORCESTER HUB

In hul eerste ligawedstryd hierdie jaar toon Goudini dat daar ongeslypte diamante is wat met 'n bietjie slypwerk goeie krieketspelers gaan word. Daar was 'n paar mooi houe en uitstekende *runouts* te siene deur ons spelers. Ons sê baie geluk aan Shandro Smit wat speler van die wedstryd is.

MINI – KRIEKET

Ons mini-krieket maats het Woensdag, 6 Februarie deelgeneem aan Laerskool Worcester – Oos se mini-krietet sportdag. Die 0/8 span het 1 wedstryd gewen en 1 verloor. Hulle het goeie sportman gees getoon. Welgedaan seuns!

Die 0/9 span het albei hul wedstryde gewen. Ons is baie trots op julle!

SKENKING VAN WOORDEBOEKE

Ons wil graag ons anonieme skenker bedank wat 17 Engelse woordeboeke geskenk het vir Goudini leerders. Ons weet hul opvoeding sal baat daarby.

FACEBOOK WEBBLAD

Ons herinner u aan die skool se facebook webblad, u kan gerus die webblad gaan besoek en die blad Like facebook. Besoek ook die webblad www.awsumnews.co.za om nuus en fotos van ons skool en ander skole te sien.

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
8 Februarie 2019